1) Ingebruikneming Ligte Ferndale
20 Aug. 1960.

2) Aasvoëlkop 4 Sept. 1960.

# JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WERELD.

Joh. 1:1-9; 8:12 - 20.

Teks - Joh. 8:12: Ek is die lig van die wereld.

Ps. 66: 1,7 ;
Ges. 60: 1, 2.
" 84: 1, 7.

Inl.: Die tyd waarin ons lewe is vir miljoene mense 'n tyd van duisternis. In hulle harte is daar twyfel en onrus, vrees en angs. Hulle tas rond na lig en vind dit nie - en daarom verloor die lewe vir hulle al sy betekenis.

In so 'n tyd en in hierdie atmosfeer kom Iemand met die naam van Christus, in ons wereld ingestap met die verrassende aankondiging: Ek is die lig van die wêreld. Dis 'n geweldige aanspraak hierdie: want as dit waar is, kan dit die hele wereld omkeer en verander. Maar as dit nie waar is nie, kan dit miljoene verlei en in die diepste duisternis laat dompel. Daarom moet ons hierdie aanspraak van Chrtus keer op keer ondersoek om seker te maak: Is dit so?

## I. CHRISTUS: IS HY DIE LIG VAN DIE WERELD?

Om die vraag te kan beantwoord moet ons eers 'n paar ander vrae vra: (1) Wat doen lig? Daarop kan enige kind antwoord met die volgende: (a) Lig verdryf die donker; (b) Lig wys waar ons moet loop; (c) Lig stel alle dinge in hulle ware kleure. As Christus die lig is moet ons duidelik kan sien dat sy boodskap en lewe dit teweegbring in die lewes van mense. Daarvoor moet ons eerstens gaan na die Evangelies, maar daarna ook gaan kyk na die lewes van Christene deur die eeue om te sien of Christus in hulle lewes so 'n lig geword het. Want die persoon wat beweer dat Hy daardie lig is moet (a) DIE donker in mense se harte en siele verdryf: die donker van skuld, van angs, van vrees, van vooroordeel, van haat en wantroue, van smart. Maar Hy moet ook (b) ons duidelik wys waar ons moet loop, watter pad vir elke dag die regte is. Hy moet ons die antwoord op ons vrae kan gee en die oplossing vir ons probleme - anders is Hy nie die lig nie. Maar nog meer: Hy moet ook (c) alle dinge in hulle suiwere perspektief sien- Hy moet ons leer om die waarheid van die leuen te onderskei, die reine van die onreine.
(2) Is Christus daardie lig? Daarop antwoord ons as Christene onomwonde en beslis: JA. En die grond van ons antwoord? Sy boodskap, sy lewe, sy lye en sterwe, sy opstanding en hemelvaart, sy regering van sy kerk.

(a) Kyk maar net na sy optrede teenoor mense: Hoe het Hy nie wonderbaarlik die donker van mense se harte en lewes verlig, hulle skuld weggeneem, hulle



smart gestil, hulle angs en vrees weggenm, hulle haat en woede omskep in liefde en vergifnis!

(b) En hoe het Hy nie vir alle mense die pad gewys, die lig laat skyn om te weet: hierlangs moet ons loop! Dis die antwoord op ons vrae, dis die oplossing van ons moeilikhede! (c) En die wonder wat gebeur wanneer Christus in 'n mens se lewe inkom: dat Hy alles in sy ware kleure aan ons stel, dat ons die lwe sien vanuit 'n totale nuwe hoek en glans!

Br. en st., Ons sê so maklik: Christus is die lig van ons lewes - wat presies bedoel ons as ons dit sê? Het Hy die lig van u siel geword? En daarna: het u al ondervind dat Hy die lig is van u huis, van u opvattinge i.v.m. u volk en ander volke? Dat Hy die lig wil wees in ons politiek, in ons handel en bedryf, in ons vakbonde en werkswinkels, in ons sport en spel, in ons kultuur en kuns? Het u al gaan sit en vra: Hoe kan ek saamwerk dat deur my Hy daardie lig kan word?

## II. HOE SKYN CHRISTUS AS DIE LIG?

Dis een ding om te sê: Christus is die lig - en gans ietas anders om te weet: Hoe skyn daardie lig? Want Christus is nie meer liggaamlik teenwoordig onsder ons nie: Hy wil sy lig langs 'n ander weg laat skyn.
(1) Daardie weg is sy Kerk: sy liggaam op aarde. Aan sy kerk het Hy die opdrag gegee om die lig te ontvang en te laat skyn ( Matth. 5:14 - Julle is die lig van die wêreld). Dis sy goddelike eis en opdrag dat sy lig deur sy kerk op aarde moet skyn. En as die kerk sy roeping nie besef of sy plig versuim, dan roep God ander organisasies in die lewe, dan gaan Hy by die georganiseerde kerk verby en gebruik Hy buitekerklike liggame en verenigngs en bewegings om die kerk weer wakker te skud, sy versuim te laat insien en hom te bekeer ( vgl. die groot sendingbeweginge van die 18e eeu, die ekumeniese beweginge van ons dag). Maar daar waar die kerk werklik sy profetiese, sy priesterlike en sy koninklike roeping vervul, daar skyn Christus as lig van die wereld deur sy kerk!
(2) Hd. lig word aangestek en skyn alleen deur: (a)

(a) getroue omgang met sy Woord: deur te lees, bestudeer en te verkondig wat daar staan; (b) die beoefening van die gebed - as enkelinge en as groepe; (c) die bereidwilligheid om gelei te word deur Gods Gees; (d) die aktiewe uitlewing van ons Christelike geloof in Christelike diens; (e) deur 'n lewende kontak met Christene van ander verwante kerke.

Waar hierdie dinge nie beoefen word nie, daar sterwe die kerk, daar verdoof die lig, daar oorheers die duisternis! moet

(3) Hd. lig skyn op alle terreine van ons lewe - of dit skyn gladnie: as die Bybel werklik die Woord van God is dan moet dit sy lig laat val op alle gebiede van die mens se lewe: sy persoonlike behoeftes en stryd, sy maatskaplike nood, sy politieke vrae, sy verhouding tot ander rasse en volkere, sy sedelike stryd en neerlae.... Die kerk het nie die antwoord op al hierdie vrae nie - baiekeer het die kerk geen antwoord nie-maar Christus het die antwoord: Hy is die lig en het die lig! En omdat Hy dit het, daarom moet die kerk keer op keer na Hom teruggaan, na sy Woord, om daar sy lig op te steek. En die antwoord wat die kerk gee, die lig wat die kerk laat skyn moet nie die lig wees van persoonlike idees of opinies nie, moet nie die lig wees van politieke groepe of kultuurorganisasies nie: DIT MOET DIE LIG VAN CHRISTUS WEES WAT DIE KERK AANSTEEK UIT SY LEWENDE WOORD!

Maar dan moet ons die lig so laat (doek) skyn dat die medegelowiges in die kerk dit saam ontdek, saam herken as die lig van Christus. Is dit nie een van die grootste swakhede van die kerk van Christus vandag: dat ons ~~mixxgex~~ teveel ons eie lig laat skyn en te min die lig van Christus? En dat ons nie ons mense leer om self te onderskei tussen die valse ligte van die wereld en die suiwer lig van Christus?

## III. HOE VERSPREI DIE LIG?

As Christus die lig van die wêreld is, sy lig skyn in ons lewes, dan spreek dit vanself dat hierdie lig uitgedra word, dat dit versprei. Die kerk van Christus bestaan alleen namate dit die lig van Christus versprei nes 'n kers alleen sy doel vervul deur te ~~skyn~~ brand. Hierdie opdrag van Christus aan sy kerk is so duidelik en word so herhaaldelik ge-gee...



dat ons dit net nie kan ontduik nie. Lees wat staan in Hnd. 13:47- Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde". Het Christus self nie gese: 'n Stad wat op 'n berg le kan nie verborge bly nie?"

Hier het ons dus 'n opdrag van Christus aan die hele kerk oor die hele wereld. Want Christus se kerk, soos Hy dit gestig het en soos Hy dit wil, is nie verdeeld of afgeskeie van mekaar nie. Daarom sien Christus sy kerk op aarde nie as verdeel in Afrikaanse, Engelse, Bantoe- en ander kerke aan wie Hy elkeen 'n aparte opdrag moet of wil gee nie: nee. Sy Kerk is Een in Hom en moet daardie eenheid betuig en belewe! En hoe meer ons mekaar vind in Christus Jesus, hoe helderder sal ons die lig laat versprei! Wie die waarheid van die Bybel op hierdie punt vir ons tyd beter wil verstaan, wil ek ernstig aanraai om die boek van Alan Walker te lees: THE Whole Gospel for the Whole World.

Maar dan moet elke lidmaat ook sien dat hierdie lig alleen doeltreffend kan versprei as elke gelowige, elke Christen, dit uitdra: man vir man aan man tot man. Die tyd is verby dat ons aan die kerk kan dink as 'n domineeskerk of 'n kerkraadskerk (Sinodekerk). Sal ons dan nie leer van ander bewegings, van godlose ideologieë waarin elke ondersteuner, elke partylid 'n sendeling is? Bekeerlinge maak omdat hyself 'n bekeerde is?

Daarvoor moet ons alle middele en alle kragte inspan: (a) ons kerklike geboue moet baie meer benut word as tans om mense te betrek wat vandag selde of nooit by 'n erediens kom; (b) ons Christene moet baie meer besprekingskringe in die lewe roep om oor die dinge te gesels en te bid; (c) die kern van toegewyde Christene in elke gemeente moet baie sterker evangelisasie-akies loods om die lig van die Evangelie uit te dra.

In 'n kleindorpie in die Alpe was daar geen elektriese lig nie. Die kerkdiens Sondae-aande het voor sononder begin en met donker gesluit. Sodra die diens verby is, steek elke kerkganger sy kers of lantern op by die lig van die altaar en gaan dan die donker nag in: elkeen met sy liggie op voetpaadjies, onder bome en langs die hange na huis.

So moet die kerk van die 20ste eeu weer word: VERSPREIDER VAN DIE EWIGE LIG TOT DIE VERSTE PUNT!